NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur 100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2019

VRAAG 1 BEGROTINGS (30 punte; 36 minute)

Thabo is by sy werk uit diens gestel. Hy is goed met houtwerk en wil graag 'n onderneming begin wat kombuiskaste vervaardig in plaas daarvan om ander werk te soek. Hy sal dit High-Class Cupboard Designs noem (kortweg HCC Designs).

Die uitdaging is dat die bank in die eerste drie maande nie aan hom 'n lening of 'n oortrekkingsfasiliteit sal toestaan nie, totdat hy bewys het dat sy onderneming sal werk.

Sy plan is om vier werkers aan te stel en op te lei. Hy voorspel dat hulle 15 stelle kaste in die eerste maand sal kan vervaardig, en dan tot 20 stelle per maand namate hulle doeltreffender en vaardiger raak. Hy sal in Maart voorraad opbou en in April begin verkoop.

Thabo beplan om elke stel kombuiskaste teen 'n verkoopsprys van **R42 000** te verkoop. Hy beplan om 'n 25%-winsgrens op kosprys te gebruik. Hy hoop om aan die volgende potensiële klante te verskaf:

- Hy het 'n potensiële kontrak om 10 stelle kombuiskaste per maand aan Kitchen Wizard (Edms) Bpk. te verskaf. Kitchen Wizard sal in die **tweede maand** na aflewering betaal.

- Do It Yourself Empire het vir hom gesê dat hulle van **1 April 2020** af 4 stelle in voorraad sal hou. Wanneer al 4 stelle verkoop is, sal hulle hom betaal en nog 4 stelle koop. Thabo is vol hoop dat hulle al 4 stelle in 'n maand sal verkoop, dus begroot hy om die geld te ontvang in die maand nadat hy die kaste gelewer het.

- Thabo hoop dat hy 'n verdere 6 stelle kombuiskaste per maand aan verskeie ander winkels sal kan verkoop en het sy verkope dienooreenkomstig as kontantverkope begroot van **1 April 2020** af.

Thabo hoop om sy onderneming op 1 Maart 2020 bekend te stel en hy hoop om op 1 April 2020 te begin handel dryf, dus het hy die volgende kontantbegroting opgestel:

IEB Copyright © 2019

Kontantbegroting van HCC Designs vir die twee maande eindigende April 2020

	Maart	April
ONTVANGSTE	**400 000**	??
Kontantverkope	0	**A**
Kontant van debiteure	0	0
Kapitaal	400 000	0
BETALINGS	??	??
Grondstowwe	450 000	600 000
Direkte lone	24 000	24 000
Houtwerktoerusting	220 000	0
Vragmotor	**B**	0
Huur van fabriek	**C**	35 000
Totale versekering	10 275	**D**
Voertuiguitgawes	**E**	2 660
Kantoorskryfbehoeftes	**F**	700
Kantoortelefoon	??	??
Munisipale koste vir fabriek	6 800	**G**
Surplus/tekort	**(804 920)**	**(431 441)**
Opgehoopte surplus/tekort	**(804 920)**	**(1 236 361)**

Bykomende inligting

- Die waarde van die houtwerktoerusting verminder met 15% p.j.

- Aangesien Thabo nie 'n lening kan kry nie, beplan hy om die vragmotor, om die stelle kaste by sy klante af te lewer, met kontant te koop. Die waardevermindering op die vragmotor word bereken teen 8% per jaar. Die waardevermindering op die vragmotor vir April was R2 800.

- HCC Designs moes dubbel huur betaal in Maart: huur vir die maand plus die deposito.

- Thabo het die versekeringspolis laat begin, dus het hy net vir ¾ van Maart betaal. Van April af sal hy die volle bedrag betaal. Die versekering word in 'n verhouding verdeel tussen die fabriek en die kantoor. Die kantoorversekering vir April is R2 740.

- Thabo verwag dat die voertuiguitgawes van 1 April af met 40% sal verhoog.

- 'n Deel van die kantoorskryfbehoeftekoste in Maart is besigheidskaartjies wat R800 gekos het. Daar behoort genoeg kaartjies te wees om tot die einde van Julie te hou. Thabo raam dat die res van die skryfbehoeftekoste elke maand soortgelyk sal wees.

- Die munisipale koste vir die fabriek gaan in April met 2% op vanweë 'n verhoging in elektrisiteitstariewe.

IEB Copyright © 2019

VRAAG 2 VERSOENINGS (28 punte; 34 minute)

PeaceOfPocket (POP) is 'n versekeringsmaatskappy wat motors verseker. Hulle het 20 konsultante in hul inbelsentrum in diens om hul kliënte te help om hul eise aan te teken en uit te sorter en een persoon, Udesh, in die finansieringskantoor.

Die telefoonkonsultante verwys die kliënte na die toepaslike paneelklopper of garage, na gelang van wat met die kliënt se motor verkeerd is. POP wag dan vir die paneelklopper of garage om vir hulle 'n faktuur te stuur wanneer die werk afgehandel is, wat hulle dan in hul krediteurejoernaal opteken.

POP se finansiële jaareinde is 31 Desember.

DEEL A

Die volgende staat is van een van die paneelkloppers ontvang.

BUMPLESS (EDMS) BPK.

Krugerlaan 76 Staatno.: 98
Lyttelton Hights
0357 Datum: 30 November 2019

Datum		Transaksies	Debiet	Krediet	Saldo
2019 Aug	5	Faktuur P77	34 000		34 000
	7	Faktuur P79	45 750		79 750
Sept	18	Faktuur P83	39 780		119 530
	20	Kredietnota P02		3 870	115 660
	30	EFO		32 300	83 360
		Korting		1 700	81 660
Okt	6	Faktuur P87	28 660		110 320
	31	EFO		34 200	76 120
Nov	15	Faktuur P90	35 900		112 020
	30	Rente	462		112 482

Voorwaardes:

- 5% korting toegestaan indien betaal binne 30 dae vanaf staatdatum.
- ? % per maand rente gehef op 90 dae agterstallig.

Ouderdoms-ontleding:

90 dae	60 dae	30 dae	Huidig	
??	??	??	??	

IEB Copyright © 2019

Toe die staat wat van Bumpless (Edms) Bpk. ontvang is met die krediteure-grootboek vergelyk is, is die volgende verskille aangetref:

- POP het geen kopie van faktuur P79 nie en toe hulle gevra is, kon Bumpless ook nie 'n kopie daarvan kry nie. POP het daarop aangedring dat dit 'n fout is en gekanselleer moet word. Bumpless het saamgestem.
- Bumpless het 'n fout gemaak toe kredietnota P02 opgeteken is. Die korrekte bedrag is R3 780.
- Aangesien faktuur P79 'n fout is, het Bumpless nagelaat om die korting op die EFO gedateer 31 Oktober op te teken.
- Vanweë die foutiewe faktuur P79 moes geen rente gehef gewees het nie. Dit moet gekanselleer word.
- Faktuur P90 is in die krediteurejoernaal opgeteken as R39 500. Dit is 'n fout.
- Op 30 November het POP 'n betaling via EFO gedoen om faktuur P87 te betaal minus die 5% korting wat hulle moet ontvang.

DEEL B

Bankversoeningstaat op 31 Oktober 2019

Saldo volgens die bankstaat		?
Uitstaande deposito's		11 420
Uitstaande tjeks:	No. 99 (17 Mei 2019)	3 160
	No. 115 (25 Julie 2019)	1 130
	No. 127 (28 Oktober 2019)	2 665
	No. 128 (5 Januarie 2020)	2 408
Debietsaldo volgens die bankrekening		992

Ander inligting aangaande die bankrekening op 30 November 2019

Die volgende tjeks verskyn op die bankstaat op 30 November 2019:

- No. 115
- No. 127

Transaksies wat gebruik moet word om Vraag 2.8 in te vul:

(a) Toon hoe tjek no. 99 hanteer sal word op 30 November.

(b) Toon hoe tjek no. 128 hanteer sal word op 30 November.

(c) 'n Tjek vir R3 700, gedateer 1 Desember 2019, is van A. Brown ontvang vir die bybetaling op die vervanging van sy motordeur.

(d) Die bankstaat toon 'n onbetaalde tjek van 'n kliënt vir R2 160. Dit was ter vereffening van 'n skuld van R2 400.

IEB Copyright © 2019

VRAAG 3 MAATSKAPPY-ONTLEDING (42 punte; 50 minute)

Tiger Brands, 'n Top 40-maatskappy op die JSE, is een van die grootste vervaardigers en bemarkers van verbruikersprodukte wat vinnig beweeg en Suid-Afrika se grootste voedselmaatskappy.

Aangepas uit die **Verkorte Gekonsolideerde Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 September**

	Aant.	**2018 Rm**	**2017 Rm**
Inkomste		28 473,9	31 297,9
Koste van verkope		(19 229,5)	(20 856,4)
Bruto wins		9 244,4	10 441,5
Bedryfsuitgawes		(5 923,7)	(5 807,2)
Verkoops- en verspreidingsuitgawes		3 675,8	3 596,4
Bemarkingsuitgawes		844,7	771,4
Ander		1 403,2	1 439,4
Bedryfsinkomste voor abnormale items	1	3 320,7	4 634,3
Koste geassosieer met WTVP-produkherroeping		(422,1)	–
Ander		(343,5)	(693,6)
Bedryfsinkomste na abnormale items		2 555,1	3 940,7
Finansieringskoste		(31,7)	(206,6)
Beleggingsinkomste		730,7	533,3
Wins voor belasting		3 254,1	4 267,4
Belasting		(837,0)	(1 234,4)
Wins vir die jaar		2 417,1	3 033,0

Aantekening 1: Uiteensetting van bedryfsinkomste per departement

	2018 Rm	**2017 Rm**
Bedryfsinkomste voor abnormale items		
Binnelandse bedrywighede	**3 050,8**	**4 235,5**
Graan	1 886,0	2 361,2
Voedsel	827,9	1 280,2
Waardetoegevoegde vleisprodukte (WTVP)	(252,0)	104,2
Ander	1 079,9	1 176
Huis, persoonlike sorg en baba	345,9	651,1
Uitvoere en internasionaal	**269,9**	**398,8**
Uitvoere	289,7	272,9
Internasionaal – Sentraal-Afrika	159,0	147,2
Internasionaal – Wes-Afrika (Fynkos)	(50,5)	(34,5)
Sagtevrugte	(128,3)	13,2
Totale bedryfsinkomste	3 320,7	4 634,3

Uittreksels uit die finansiële verslag

- Die staking van bedrywighede wat waardetoegevoegde vleisprodukte (WTVP) betref by twee Enterprise fabrieke as gevolg van die Listeria uitbraak, het 'n wesenlike impak op die resultate gehad.
- Ten spyte van die sluitings het Tiger Brands sy 1 600 permanente werknemers behou. Die Enterprise fabrieksfasiliteite is gebruik om die werknemers op te lei en hulle het weer in November 2018 begin vervaardig.

IEB Copyright © 2019

Aangepas uit die **Verkorte Gekonsolideerde Staat van Finansiële Posisie op 30 September**

BATES	**2018 Rm**	**2017 Rm**
Niebedryfsbates	13 165,4	13 237,5
Bedryfsbates	10 763,0	10 377,0
Voorraad	5 064,0	4 812,0
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	4 117,9	4 631,6
Kontant en kontantekwivalente	1 581,1	933,4
Bates geklassifiseer as gehou om te verkoop	–	364,7
Totale bates	23 928,4	23 979,2
EKWITEIT EN LASTE		
Totale ekwiteit	17 465,2	**A**
Niebedryfslaste	1 062,2	**C**
Bedryfslaste	5 401,0	**B**
Handels- en ander betaalbare bedrae	3 841,0	?
Ander	1 560,0	1 497,9
Totale ekwiteit en laste	23 928,4	23 979,2

Listeria-flits:

Tiger Brands het R10 miljoen opsy gesit om die land se eerste Sentrum vir Voedselveiligheid in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch te begin.

Die Sentrum sal navorsing doen en die regering help om te verseker dat voedselveiligheids-regulasies op sterk wetenskaplike bewys gegrond is.

Glossarium

Listeria: 'n Tipe bakterie wat mense besmet en voedselvergiftiging veroorsaak.

Verhoudings vir die jaar geëindig 30 September

	2018	**2017**
Getal aandele uitgereik	189 820 000	189 820 000
Netto batewaarde	9 201 sent	9 000 sent
Markprys op 30 September	26 560 sent	37 735 sent
Verdienste per aandeel	1 273 sent	1 597 sent
Dividende per aandeel	1 080 sent	1 080 sent
Opbrengs op kapitaal aangewend	13,12%	17,4%
Rentekoers op die lening	9,5% p.j.	
Bedryfsverhouding	2 : 1	1,8 : 1
Vuurproefverhouding	?	1,05 : 1
Debiteure-invorderingstydperk	53 dae	54 dae
Voorraadomsettempo	3,8 keer	4,3 keer

IEB Copyright © 2019